

Wêreldvooruitsig: Augustus 2009

Deur Kevin Lings en Melissa Dyer

In die vroeë stadiums van 2009 het die markte afgestuur op 'n verreikende en uitgerekte resessie. Die prentjie het egter nou begin verbeter, soos deur aandelemarkte weerspieël wat aansienlik herstel het. Dit maak die markte egter ook in die nabye toekoms meer kwesbaar vir enige risiko's wat tot afwaartse neigings kan lei.

Met so 'n brose herstel is dit van die uiterste belang dat ons die sterkte van die werklike ekonomiese herstel monitor, en nie net die mate van markstabiliteit wat nou sigbaar is nie. Die **STANLIB Internasionale Ekonomiese Herstelmonitor** konsentreer op ekonomiese veranderlikes wat ons in staat stel om die sterkte, diepte en kwaliteit van enige wêreldwye ekonomiese herstel te peil.

Geleidelike herstel

Oor die afgelope paar weke was die nuus relatief positief, hoewel die wêreldwye ekonomiese herstel steeds redelik broos is. Die wêrelddekkende ekonomie sal waarskynlik teen die einde van 2009 'n geleidelike herstel beleef wat tot in 2010 sal voortduur. Ons verwag egter dat die herstel in 2010/2011 relatief matig en heelwat laer as die gemiddelde of toonaangewende groeikoers sal wees.

In die afgelope weke was daar ses ekonomiese hoogtepunte wat beklemtoon kan word:

1. Die geringe afname in Amerika se werkloosheidsyfer in Julie was grootliks onverwags, omdat niemand dit voorsien het nie. Die weeklikse werkloosheidseise is steeds aan die afneem.
2. Daar was 'n merkbare verbetering in wêreldwye vervaardigingslesings vir Julie.
3. Wêreldwye vertroue-aanwysers het verder verbeter.
4. Europa het in die tweede kwartaal verbasend sterk vertoon, met sy BBP net 0.1% laer vergeleke met die vorige kwartaal.
5. Japan het in die tweede kwartaal 'n groeikoers van 3.7% in BBP getoon, vergeleke met die vorige kwartaal.
6. Meimaand se styging in Amerikaanse huispryse was die eerste opwaartse neiging sedert Julie 2006. Dit lyk asof gegewens oor huisvesting in die VSA op 'n breë front aan die verbeter is.

Afwaartse neiging: risiko's

Amerikaanse verbruikersbesteding is steeds swak. Kleinhandelverkope het in Julie aanhou daal, terwyl verbruikerskrediet nog verder gekrimp het. Daarby is die wêreldwye handel in goedere steeds redelik traag, met net geringe aanduidings van 'n verbetering in handel in Asië.

Internasionale ekonomiese herstelmonitor

STANLIB Global Economic recovery monitor (19/08/09)

	Indicator	No improvement	Tentative improvement	Clear improvement
1	US building permits	No		
2	US new orders for goods			Yes
3	US weekly jobless claims		Tentative	
4	US consumer credit demand	No		
5	US retail sales	No		
6	German IFO business climate		Tentative	
7	German new export orders		Tentative	
8	German consumer confidence		Tentative	
9	Japan machine tool orders	No		
10	Japan exports		Tentative	
11	Japan small business survey		Tentative	
12	UK retail sales		Tentative	
13	China imports from Asia-Pacific		Tentative	
14	China retail sales		Tentative	
15	China exports	No		
	Score	5/15	9/15	1/15

Copyright 2008 STANLIB Limited

Slegs een van die vyftien gekose ekonomiese aanwysers het beduidend verbeter sedert die begin van die krisis: die nuwe bestellingsindeks in die Amerikaanse vervaardigingsektor.

Nege van die vyftien aanwysers vertoon 'n tentatiewe verbetering.

Vyf van die vyftien gekose veranderlikes wys nie enige werklike tekens van verbetering nie, hoewel sommige moontlik 'n keerpunt bereik het.

Dit sluit in:

- Amerikaanse boupermitte, wat steeds by rekord-laagtepunte is.
- Verbruikers se vraag na krediet in die VSA, wat in die afgelope vyf maande met 'n yslike \$60 miljard afgeneem het.
- Amerikaanse kleinhandelverkope, wat steeds baie onstabiel is.
- Japanse masjiengereedskap-bestellings, wat in die tweede helfte van 2008 uiters skraal was, maar miskien nou begin stabiliseer.
- China se uitvoere wat steeds onder groot druk is.

Vooruitsig

Volgens ontledings van ons eie basisgeval wil dit lyk asof ons nog voor die jaareinde meer beduidende tekens van 'n wêreldwye ekonomiese herstel sal sien. Dit hoort positiewe groei in die meeste groot ekonomiese BBP's in te sluit, asook 'n verdere verbetering in die meerderheid ekonomiese sleutel-aanwysers binne die volgende ses maande. Ons moet egter beklemtoon dat die herstel steeds wankelig is en na verwagting in 2010 baie matig en onder-standaard sal wees. Voorts is daar steeds beduidende risiko's verbonde aan hierdie basisgeval, wat deurlopend gemonitor moet word.